## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 266** **24 MAART 2017**

### DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 3 (NO. 3/1/722)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae No. 3 by bogenoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**M JONAS**
**ADJUNKMINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die invoeging van die volgende:**

| Kortingitem | Tariefpos | Kortingkode | TS | Beskrywing | Mate van Korting |
|---|---|---|---|---|---|
| 317.06 | 00.00 | 06.00 | 07 | Motorvoertuigkomponente vir gebruik in die vervaardiging van oorspronklike toerustingkomponente soos omskryf in Hoofstuk 98 van Bylae No. 1 vir verskaffing aan 'n swaarvoertuigvervaardiger wat onder kortingitem 317.07 geregistreer is, ingevoer deur komponentvervaardigers, goedgekeur deur die Internasionale Handelsadministrasiekommissie.<br><br>Met dien verstande dat -<br><br>(i) sodanige komponentvervaardiger 'n kwartaallikse opgawe aan die Kontroleur voorlê ten opsigte van alle goedere wat onder hierdie kortingitem geklaar is, tesame met 'n skedule gestaaf deur afskrifte van 'n lys van komponente wat die werklike aantal motorvoertuigkomponente wat in die vervaardiging van 'n spesifieke oorspronklike toerusting komponent gebruik is, aandui en die werklike aantal oorspronklike toerusting komponente wat vervaardig is asook die hoeveelheid van elke oorspronklike toerusting komponente wat aan 'n motorvoertuigvervaardiger verskaf is;<br><br>(ii) die kwartaallikse opgawe moet gestaaf word deur verklarings van motorvoertuigvervaardigers aan wie sodanige komponente verskaf is, met spesifieke verwysing na die onderdeelnommers, beskrywing en hoeveelheid ontvang ten opsigte van elke onderdeelnommer gedurende dieselfde tydperk; en<br><br>(iii) die verklarings deur die motorvoertuigvervaardigers gesertifiseer is deur 'n doeane- en aksynsbeampte.<br><br>OPMERKING:<br>1.Vir doeleindes van hierdie item het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis ingevolge item 317.03 geheg is, dieselfde betekenis, tensy dit uit die samehang anders blyk. | Volle reg |